

11 September

**Skrifgedeelte: Psalm 127-129**  
**Fokusgedeelte: Psalm 127:1b**

**Sonder die Here is alles tevergeefs!**

Na die terreuraanvalle op Amerika in 2001 toe geskaakte vliegtuie teen geboue vol mense vasgevlieg het, sal 11 September seker vir lank 'n berugte datum bly. Die geweld en naakte terreur het wêreldwyd skokgolwe veroorsaak. Behalwe die verlies aan menselebens, was die verskriklike besef dat 'n mens nêrens meer veilig is nie vir baie mense skokkend en ontnugterend. Selfs in die wêreldstad New York en selfs binne-in die Pentagon is jy blootgestel en kan jy gewelddadig aan jou einde kom!

Mense wat gedink het dat hulle op menslike strukture soos die geheime diens of die weermag van die magtigste land ter wêreld kan vertrou om hulle te beskerm, se vertroue lê aan skerwe. Eers na die aanvalle besef baie van hulle: "As die Here die stad nie beskerm nie, waak die wat dit beskerm tevergeefs." Dit is ironies dat daar na 11 September 2001 steeds mense is wat dit nog nie besef nie en steeds op menslike dinge vertrou om hulle te beskerm.

Daar is steeds mense wat leef asof hulle onaantasbaar is. Al hulle veiligheidsmaatreëls is mos in plek. 11 September 2001 het ons egter aan iets herinner wat die Woord al eeue lank sê: Ek moenie my vertroue in menslike dinge stel nie. Ek moet in alles ten volle op God vertrou. My planne en my maatreëls is nutteloos en tevergeefs sonder die Here.

Daarom stel Ek nie tevergeefs my vertroue in mense of dinge nie, maar vertrou ek op God alleen by wie ek tot in ewigheid veilig is!

*Sing: Psalm 46:1,6*

*Ds HPM van Rhyn (Wilropark)*